# KENRIDGE GEBEDSVERSOEKE 23 Oktober 2022

| Kategorie | Versoeke |
|---|---|
| **die wêreld** | • **Uganda**<br>• Bid vir wysheid vir die owerhede terwyl hulle die Ebola-uitbraak aanpak.<br>• Bid vir die Here se beskerming en goddelike ingryping in die gemeenskappe wat geraak word.<br>• Bid vir Ugandese gelowiges terwyl hulle praktiese, emosionele en geestelike ondersteuning bied.<br>• https://www.incontextinternational.org/2022/10/18/19-oktober-22-bid-vir-uganda/<br>• **Oekraïne**<br>• Ons bid steeds vir die matelose lyding van die inwoners van hierdie oorloggeteisterde land. Ons bid dat die magshonger van Rusland beëndig sal word en dat daar konstruktiewe vredes-inisiatiewe van die grond af sal kom. Ons bid ook vir besinning en wysheid by die leiers van die lande. |
| **die wêreld - Bybelgenootskap** | • **Bangladesj:** Dra ons Bybelwerk in gebed op. Die sosio-ekonomiese konteks asook natuurrampe wat gereeld hier plaasvind, belemmer vooruitgang. Ons bedien 'n piepklein Christenbevolking in hierdie oorwegende Islamitiese land wat ook sy eie, unieke uitdagings het.<br>• **Indië:** Ons vra vir baie gebed om ons taak suksesvol te kan verrig. Die hulpbronne wat beskikbaar is, is nie naastenby genoeg om in die aanvraag na Bybels te voorsien nie. Bid dat ons die mense van hierdie groot en diverse land sal kan bedien ten spyte van die groot uitdagings wat daar bestaan.<br>• **Maledive:** Amper die ganse bevolking van Maledive is Moslem en daar is baie min verdraagsaamheid teenoor Christene en die meegaande gebruike in openbare ruimtes. Bid dat die Here belangrike deure sal oopmaak wat mense sal toelaat om Hom te leer ken in 'n land waar eksterne invloede streng beheer word.<br>• **Sri Lanka:** Bid steeds vir die projekte waaraan ons werk, veral om Braille- en Oudiobybels aan mense wat siggestremd is beskikbaar te stel. Bid ook vir die werk om geletterdheid onder ongeletterde Christene te bevorder sodat hulle ook die seëninge van die Woord van God kan ervaar. |
| **Bediening na Buite** | • **Alta du Toit Nasorgsentrum**<br>• **https://altadutoit.org.za/**<br>• Bid vir die bestuur, personeel en inwoners – dank die Here vir die wondelike sorg aan persone met spesiale behoeftes. |
| **Gemeente** | • Bid vir Maastrichtfees wat die naweek voorlê.<br>• Bid vir ons bediening aan Studente en jong werkendes – vir studente wat met eksamen en toetsreekse besig is.<br>• Bid vir ons eredienste – dat die lofprysing en Woordverkondiging ons sal opbou en laat groei.<br>• Bid vir ons kinders en tieners met die druk van hierdie tyd van die skooljaar – in besonder matrikulante.<br>• Bid vir ons jong lidmate wat belydenis van geloof afgelê het.<br>• Bid vir gesinne op die pad van geloofsvorming. |
| | • Dank die Here dat daar op plase in die suide van Namibië en dele in die Noordkaap reën geval waar verwoestende brande duisende hektare se weiveld vernietig het.<br>• Fernando Smit – bid saam vir sy genesing van pankreaskanker en dank die here dat die jongste skandering bevestig dat dit nie versprei het nie.<br>• Oom Org Nel - nuwe skanderings teleurstellend - toon geen vordering. Bid vir nuwe moed en vir uithouvermoë.<br>• Marique Potgieter – ontslaan uit Durvanville Mediclinic. Sterk tuis aan. Stadige vordering. Bid vir geduld en deursettingsvermoë.<br>• Johanna Paxton - OWA - depressief en emosioneel - bid vir haar liggaam en gemoed.<br>• Lian Olivier – Dinsdag teater toe vir komplekse hartprosedure. Voorspoedig verloop en Dr tevrede. Besorgdheid oor niere. Bly bid vir herstel.<br>• Elise Anderson – vorder goed met fisio – ons bly bid vir herstel en beskerming teen terugslae.<br>• Pieter Cronjé – skandering het bevestig dat die gewas in die long aansienlik kleiner geword het na 4 chemo sessies. Ons dank die here saam met Anita en sy kinders en bid vir die behandelings wat steeds voorlê.<br>• Jacques Basson – huidige behandelingsessie is afgehandel en skandering volg vroeg in Desember. Bid vir Jacques, Estelle en hulle kinders vir geloof, rustigheid en vrede in afwagting van die skandering.<br>• Tannie Marieta van Zyl – Tijger Villas – dr tevrede met vordering - witbloedselle vermeerder. Dank die Here vir haar geloof en positiewe gemoed. Bly saambid vir haar genesing.<br>• Tannie Glenda Uys OWA – swak en is afhanklik van versorging – bid vir fisiese krag, 'n positiewe gemoed.<br>• Christene Hiemstra - bid saam vir haar, Rudolph, Linda en die res van hulle gesin vir geloof en genesing.<br>• Tannie Bettie Stofberg - ligte beroerte. Genadiglik niks oorgehou nie - sterk tuis aan. Ons bid vir haar.<br>• Oom Jannie Snyman, OWA, word tuis versorg na ligte beroerte.<br>• Rupert Smith ontvang steeds behandeling vir 'n bloedsiekte. Bid vir positiewe resultate van die behandeling en vir Alma en sy gesin. Verder is Rupert se ma (in Hartenbos) onverwags in haar slaap oorlede. Bid ook vir hulle vir troos.<br>• Bid vir Ada Nieuwoudt na Fanie se afsterwe.<br>• Gideon Murray se pa - Christo Murray is op Rawsonville aan kanker oorlede en is vandeesweek begrawe. Bid saam vir die Here se troos en berusting.<br>• Yolanda Naudé se ma - Bella Naudé (79) is tuis na behandeling Mediclinic Durbanville. Bid asb vir haar herstel.<br>• Liandé en Erhard Coetzee - Erhard se pa - Jannie Coetzee (Vredendal) ontvang miëloom-behandeling. Bid vir hom en sy familie vir verdere behandeling wat vandeesweek begin. |

| | |
|---|---|
| | • Bid vir Neville & Janine Potgieter, Janine is opgeneem in Tygerberg se Psigiatriese afdeling.<br>• Bid vir oom Kobus Venter wat in Durbanville Mediclinic herstel na ‘n heupvervanging.<br>• Maureen Schlebusch in Durbanville Mediclinic. Herstel na 'n fietrsry-ongeluk. Bid saam met Louis en hulle seuns vir haar volledige herstel<br>• Dra persone wat onlangs dierbares aan die dood afgestaan het aan die Here se sorg en vertroosting op. |

KENRIDGE
GEMEENTE